Die Verborgenheid van God

Openbaring 10:7

Inhoudsopgawe

2 Die Bonatuurlike

8 Oordeel

12 Die Naam

16 Hiernamaals

22 Die Oorspronklike Sonde

28 Die Vreeslike Dag Van Die Here

34 Die Woord

www.dieboodskap.org

of

VOICE OF GOD RECORDINGS
SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DOEN GOD STEEDS MAGTIGE WERKE SOOS HY IN DIE BYBEL GEDOEN HET?

HET JY OOIT JOUSELF AFGEVRA WAAROM JY GEDOOP MOET WORD?

NET OMDAT JY 'N LIDMAAT VAN 'N KERK IS, BETEKEN DIT JY IS GERED?

WAT HET WERKLIK TUSSEN DIE SLANG EN EVA IN DIE TUIN VAN EDEN GEBEUR?

WEET JY DAT DIE BYBEL BELOOF DAT DIE VERBORGENHEID VAN GOD IN HIERDIE LAASTE DAE VOLBRING SOU WORD?

DIT IS TYD VIR DIE VERBORGENHEDE OM ONTSLUIT EN GEOPENBAAR TE WORD AAN DIE WÊRELD.

IS JY BEREID OM DIE WARE WOORD VAN GOD TE HOOR?

Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die **verborgenheid** van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. OPENBARING 10:7

Die Bonatuurlike

Johannes 14:12

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.

Markus 16:17-18

En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

Slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Almal van ons kan deur die Bybel blaai, en sien dat God wonders doen: Moses het die Skelfsee oopgemaak, Elía het 'n hongersnood uitgeroep, Jesus het op die water geloop en die dissipels het die siekes genees.

Daar is duisende wonderbaarlike gevalle in die Bybel opgeteken. As God getuig *met tekens en wonders*, waar is Sy wonderwerke vandag? Kan Hy kanker genees soos Hy melaatsheid genees het in die Bybel? Wat van VIGS of malaria? Kan Hy steeds 'n wonderwerk doen? Ja, God doen steeds wonderwerke en *hierdie tekens volg dié wat glo.*

Nou, kyk vriende, dink aan Koning George van Engeland, toe hy genees is van verspreide sklerose, toe ons vir hom gebid het. Dink aan Florence Nightingale, (haar ouma, die stigter van die Rooi Kruis), wat omtrent sestig pond geweeg het, daar op sterwe gelê het met 'n kanker op die dunderm van die maag, sterwend daar gelê het. 'n Duifie het daar in die bos ingevlieg en die Gees van God het gekom en gesê: "SO SPREEK DIE HERE, sy sal leef." En sy weeg 'n honderd vyf-en-vyftig pond in blakende gesondheid.

Dink aan Kongreslid Upshaw wat gekluister gesit het aan stoele en bed vir jaar na jaar, vir ses-en-sestig jaar. En oombliklik op sy voete gekom het, deur die gebou gehardloop het, sy tone aangeraak het, geheel en al normaal en gesond gemaak is.

Dink net aan die duisende en duisende mense wat genees is. Waarom sit ons hier totdat ons sterf? Kom ons doen iets daaromtrent.

Hê geloof as jy siek of behoeftig is. Die Bybel sê Jesus Christus is dieselfde gister en vandag en tot in ewigheid, so as Hy in staat was om 'n wonderwerk tweeduisend jaar gelede te doen, dan is Hy in staat om vandag dieselfde te doen. Hy het ons beloof dat ons genees is, as ons *net glo.*

William D. Upshaw

het agt jaar in die Verenigde State se Huis Van Verteenwoordigers gedien, en was 'n Presidentskandidaat in 1932.
'n Plaasongeluk het hom as kind verlam, en hy het 66 jaar óf op krukke, óf in 'n rolstoel, deurgebring. In 1951, is hy totaal genees en het die res van sy lewe volmaak geloop.

Florence Nightingale,

'n verlangse familielid van die beroemde verpleegster, het terminale maagkanker gehad. Sy het hierdie foto as 'n laaste pleidooi vir gebed, gestuur voordat die kanker haar lewe uiteindelik sou neem. Soos jy kan sien, was sy op die rand van die dood voor die Here Jesus haar genees het in 1950. Die volgende foto is geneem na haar genesing en is ingestuur as 'n getuienis dat God steeds die siekes genees.



Tris Griffin

het vroeg in 2013 na die dokter se spreekkamer gegaan as gevolg van rugpyn, wat sy gevrees het 'n hervatting kon wees van haar stryd met kanker. 'n MRI het 'n "aortiese disseksie" in haar hart aangetoon, wat tot gevolg gehad het dat dokters verdere toetse gedoen het en 'n noodoperasie die volgende dag geskeduleer het. Die lyn deur die hart in die afbeelding is 'n duidelike skeur wat 'n spoedige en amper gewisse dood sou beteken, indien dit sou oopskeur.



Die volgende dag, nadat gelowiges vir haar gebid het, het dokters nog 'n CT skandering gedoen om die ligging van die skeur te bepaal voor die operasie. Hierdie keer het die afbeeldings 'n heeltemal gesonde hart aangetoon. Verbysterd, het die snydokter vir Mev. Griffin gesê: "Ek weet nie wat om vir jou te sê nie. Jy het 'n aortiese disseksie gehad, maar nou is al die bewyse weg." Hy het vir haar die afbeeldings gewys voor gebed, en toe daarna. "Jy is vry om te gaan, en terloops, daar is ook geen teken van kanker nie. Jy is blakend gesond."



(links) Die dokter se pyltjie wys na die aorta, wat die donker, sirkelvormige area in die middel van die figuur is. Die diagonale lyn wat daardeur loop is die aneurisme, of "disseksie" van die aorta, wat onmiddellike chirurgie vereis en noodlottig is, indien dit oopskeur. (bo) 'n Tweede skandering is die volgende dag gedoen. Die disseksie het heeltemal verdwyn en nooit weer teruggekeer nie.

Verwysings

Psalm 103:2-3
Loof die HERE, o, my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie:
*Wat al jou ongeregtighede vergewe, **wat al jou krankhede genees;***

Jesaja 53:5
*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en **deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.***

Markus 16:17
***En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg;** in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.*

Lukas 17:6
*En die Here sê: **As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad**, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant - en **hy sou julle gehoorsaam wees.***

Johannes 14:12
*Voorwaar, Voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - **die werke wat Ek doen, sal hy ook doen;** en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.*

I Thessalonicense 1:5
*Want ons Evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, **maar ook in krag**, en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid, soos julle weet hoedanig ons onder julle om julle ontwil gewees het.*

Hebreërs 2:3-4
*Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur dié wat dit gehoor het, **terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders** en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens Sy wil?*

Hebreërs 13:8
Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Jakobus 5:15
***En die gebed van die geloof sal die kranke red,** en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*

I Petrus 2:24
*Wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; **deur wie se wonde julle genees is.***

Oordeel

Psalm 96:13

Voor die aangesig van die HERE; want hy kom, want hy kom om die aarde te oordeel: hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou.

Daar is duidende verskillende denominasies in die wêreld vandag. Elke godsdiens veroordeel die ander, tog beloof hulle almal verlossing deur hulle denominasie. Hoe weet ons watter een om te kies?

As ons die Katolieke kerk kies, dan aanvaar ons die bemiddeling van heiliges, wat niks minder as gebed aan afgode is nie. Die Bybel sê: "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus," (I Tim 2:5) Die priester word "Vader" genoem, wat verbied is deur Jesus in Matt 23:9: "En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is." Die Gemeentes van God sê vir ons dat die praat in tale is die eerste bewys van die Heilige Gees, wanneer Paulus sê: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword." (I Kor 13:1)

Amper alle denominasies is vinnig om ons te vertel dat baie dinge in die Bybel wanvertolk word, in vertalings verlore gaan, of nie van toepassing is in vandag se wêreld nie. So, is ons veronderstel om die Bybel of die denominasionele doktrienes te glo? Wat sal God gebruik as 'n standaard vir oordeel?

As ek die Katoliek vanaand hier sou vra: "Waarvolgens dink jy sal God die wêreld oordeel?" Die Katoliek sê: "Volgens die Katolieke Kerk." Goed, nou watter Katolieke Kerk? Nou hulle het die Roomse, Grieks Ortodokse, en vele van hulle. Watter Katolieke Kerk sou dit wees? Die Lutheraan sê: "Volgens ons," dan is julle Baptiste uit. En dan as ons sou sê: "Volgens die Baptiste," dan is julle Pinksters uit. So daar sou so 'n verwarring wees, niemand sal weet wat om te doen nie; daarom het Hy nooit beloof om die wêreld volgens die kerk te oordeel nie.

Hy het beloof om die wêreld volgens Christus te oordeel, en Christus is die Woord. En die Bybel is wat die wêreld sal oordeel, wat Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, is.

Verwysings

Johannes 1:1
In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Johannes 1:14
***En die Woord het vlees geword**, en het onder ons gewoon - en ons het sy Heerlikheid aanskou, 'n Heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.*

Johannes 5:22
*Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar **het die hele oordeel aan die Seun gegee,***

Johannes 12:48
*Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die Woord wat Ek gespreek het,** dit sal hom oordeel in die laaste dag.*

Efésiërs 1:5-7
Deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
tot lof van die Heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van misdade na die rykdom van sy genade,

Efésiërs 2:5-8
Ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus (uit genade is julle gered)
en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierendheid oor ons in Christus Jesus.
Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God;

I Johannes 1:7
*Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar, en die **bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.***

Openbaring 22:18-19
Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Die Naam

Markus 16:16

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Handelinge 2:38

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Duidelik is die doop baie belangrik, maar maak dit saak *hoe* ons gedoop word? Is daar 'n korrekte doop, of sal enigiets werk? As jy die Bybel glo, dan JA, daar is 'n korrekte doop.

Meeste kerke doop in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees, maar dit is nie korrek volgens die Bybel nie.

In Handelinge 19, was daar party mense wat alreeds in Jesus Christus geglo het, maar nog nie die Heilige Gees in hulle harte ontvang het nie. Die apostel Paulus het die korrekte manier geken om die Heilige Gees te ontvang, so hy het vir hulle gevra: *"Met watter doop is julle dan gedoop?"* En hulle het gesê: *"Met die doop van Johannes."* (Handelinge 19:3) Paulus het gesien dat hulle nie gedoop was volgens Petrus se opdrag in Handelinge 2:38 nie, so hy het hulle beveel om oorgedoop te word in die Naam van die Here Jesus. Toe, soos beloof, het hulle die Heilige Gees ontvang.

So, waarom het die dissipels gedoop in die Naam van Jesus, as Jesus Self, vir hulle gesê het om te doop in die ***Naam*** (nie "name" nie) van die Vader, en van die seun, en van die Heilige Gees? (Matt 28:19) Het hulle 'n fout gemaak? Nee! Hulle het presies gedoen soos hulle beveel was.

Soos jy die artikel lees, dink aan jou naam. Is jy 'n seun? Is jou Naam: "Seun"? Is jy 'n moeder? Is jou Naam: "Moeder"? Natuurlik nie, dit is net titels. Jy het 'n regte Naam, en God ook.

Hier is die antwoord:

En daar is glad nie so–iets in die Bybel as iemand wat ooit gedoop is in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees nie; want daar is glad nie so–iets nie. Vader is nie 'n naam nie; en Sein is nie 'n naam nie; en Heilige Gees is nie 'n naam nie; maar die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees is die Here Jesus Christus.

Jesus Christus is God! Hy is die Vader, die Seun, en die Heilige Gees.

As jy die Heilige Gees wil hê en wonder waarom die Here dit nog nie vir jou gegee het nie, dan wil jy miskien dieselfde vraag afvra wat Paulus het: "Met watter doop is jy dan gedoop?"

Verwysings

Matthéüs 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; [Wat is die Vader se Naam? Seun se Naam? Heilige Gees se Naam?]

Markus 16:16
Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Johannes 5:43
***Ek het gekom in die Naam van my Vader**, en julle neem my nie aan nie. As 'n ander een in sy eie Naam kom, hom sal julle aanneem.* [As Hy in Sy Vader se Naam kom, wat is Sy Naam dan?]

Johannes 10:30
Ek en die Vader is een.

Johannes 12:45
En wie My aanskou, aanskou Hom wat my gestuur het.

Johannes 14:8-9
Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.
*Jesus sê vir hom: Ek is so lank al by julle, en jy het My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien**; En hoe sê jy: Toon ons die Vader?*

Johannes 20:27-28
Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.
*En Thomas antwoord en sê vir Hom: **My Here en my God.***

Handelinge 2:38-39
*En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word **in die Naam van Jesus Christus** tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*
Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, dié wat die Here onse God na Hom sal roep.

Handelinge 4:12
En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

Handelinge 8:12
*Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die **Naam van Jesus Christus**, verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.*

Handelinge 19:3-6
En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.
Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat na hom kom, dit is in Christus Jesus.
*En toe hulle dit hoor is hulle gedoop in die **Naam van die Here Jesus.***
En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.

Efésiërs 4:5
*Een Here, een geloof, **een doop,***

Kolossense 3:17
*En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die **Naam van die Here Jesus**, en dank God die Vader deur Hom.*

I Johannes 5:7
*Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en **hierdie drie is een.***

Hiernamaals

Johannes 5:28-29

Moenie julle hieroor verwonder nie. want daar kom 'n uur wanneer almal Wat in die grafte is, sy stem sal hoor,

en sal uitgaan, dié wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en dié wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.

Daar kom 'n dag wanneer elkeen van ons, Christen of nie, presies sal uitvind wat anderkant die tydsgordyn is. Die Bybel beloof Ewige Lewe aan sommige, en aan andere, beloof dit veroordeling. Elke mens deur die ganse verlede, het sekerlik homself afgevra: "Wat sal met my gebeur as ek sterf?"

Lank voor daar 'n Bybel was om te lees, het die profeet Job die natuur dopgehou. Hy het gepraat van die hoop van 'n boom, hoe dit afgekap sou word en sterf, tog deur die reuk van water, ontspring dit weer tot lewe en stoot vars botsels uit. Job het geweet dat 'n mens, soos die boom, weer sou opstaan tot lewe:

> ***As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?*** *Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom;*
>
> *U sou roep, en ek sou u antwoord, na die maaksel van u hande sou u verlang.*
>
> *Want nou tel u my voetstappe. Let u nie op my sonde nie?* (Job 14:14-16)

Job mag miskien nie 'n Bybel gehad het om te lees nie, maar hy het geweet dat God hom eendag uit die graf sou opwek wanneer die Verlosser van die mensdom sou voortkom.

> *Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in 'n boek opgeteken word -*
>
> *met 'n ystergriffel en lood - vir altyd in 'n rots ingekap!*
>
> *Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.*
>
> *En nadat hulle so my vel afgeskeur het,* ***sal ek nogtans uit my vlees God aanskou.*** (Job 19:23-26)

Die profeet het gepraat van die Here Jesus en die opstanding van Sy mense. Deur openbaring het Job geweet dat al sou ons liggame totaal vergaan, Jesus ons vlees sou herstel. En met ons eie oë, sal ons Sy Koms sien. Al God se mense verlang om daardie heerlike dag te sien.

Tog, net so seker as wat God bestaan, is daar ook 'n duiwel; en net so seker as wat daar 'n Hemel is, is daar ook hel. Daar is meer op die spel as wat ons ons kan voorstel. Die Apostel Paulus het gesê: "*Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir dié wat Hom liefhet.*" (I Kor. 2:9)

Ons verstand kan nie begryp hoe groots die Hemel gaan wees nie, en ook kan dit nie die gruwels van die hel begryp nie. Jesus het vir ons gesê dat die hel so erg is dat dit beter vir ons is om 'n deel van ons liggaam af te kap as om die kans te vat om na daardie verskriklike plek toe te gaan.

En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur; (Markus 9:43)

So wie sal Hemel toe gaan? En wie sal hel toe gaan? Dis 'n hartseer gedagte, maar Jesus het gesê dat die meeste mense nie die belonings sal ontvang wat Hy wil gee nie: *Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei,* ***en daar is min wat dit vind.*** (Matt 7:13-14)

Jesus het ook gesê: "***Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie,*** *maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir my sê: 'Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?' En dan sal Ek aan hulle sê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid werk!'*" (Matt 7:21-23)

Net omdat 'n persoon aanspraak maak op Christelikheid, beteken nie dat hy gered is nie. So, dit is die ooglopende vraag in ons gemoed. Hoe ontvang ek Ewige Lewe? Jesus het vir ons 'n baie eenvoudige antwoord gegee: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle,* ***wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe*** *en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.* (Johannes 5:24)

Ongelukkig, is daar so min mense in die wêreld vandag wat gewillig is om die tyd uit hulle besige dae te neem om die Woord van God te hoor. En daar is selfs minder wat die Woord sal glo as hulle dit eers gehoor het.

Die kerke sê vir ons om 'n goeie persoon te wees, positief te dink, nie te lieg, bedrieg, of te steel nie, en ons sal Hemel toe gaan. Hulle verstaan nie dat die hel vol mense gaan wees wat blykbaar goeie lewens gelei het. Die werklikheid is dat ons nie Hemel toe sal gaan as gevolg van ons regverdige dade of omdat ons 'n lidmaat van 'n sekere kerk was nie. Daar is slegs een pad na Ewige Lewe, en dit is deur Jesus Christus. Hy het ons beveel dat ons Sy Woord, wat die Bybel is, moes GLO. Anders, hoe kan ons gered word?

Wanneer die oordeelsdag vir jou kom, sal jy hoor: *"Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af,"* (Matt 25:34) of sal jy hoor: *"Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele"*? (Matt 25:41)

Soos jou oë oor hierdie woorde lees, het jy 'n keuse om te maak: Sal jy kies om God se Woord te glo?

Waar gaan jy ewigheid deurbring?

Verwysings

Job 14:12-16
So lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.
Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!
As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang.
Want nou tel U my voetstappe. Let U nie op my sonde nie?

Job 19:23-26
Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in 'n boek opgeteken word - met 'n ystergriffel en lood -vir altyd in 'n rots ingekap!
Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan:
En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;

Matthéüs 7:21-23
Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.
Baie sal in daardie dag vir My sê:Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?
En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid werk!

Matthéüs 22:14
Want baie is geroep, maar min uitverkies.

Johannes 3:16-17
Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Johannes 5:24
Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

I Korinthiërs 2:9
Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir dié wat Hom liefhet.

I Thessalonicense 4:13-18
Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos ander wat geen hoop het nie.
Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook dié wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.
Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie.
Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Die Oorspronklike Sonde

Génesis 3:1

Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?

Génesis 3:6-7

Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is, en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.

Génesis 3:14-15

Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Hierdie is die eerste sonde wat opgeteken is in die Bybel. Die listigste van al die diere, die slang, het Eva "bedrieg" om 'n stukkie verbode vrugte te eet. Sy het dit geëet en dit toe aan haar man gegee, wat hulle laat besef het hulle is naak.

Die ooglopende vrae is: Hoe kan 'n slang praat? Wat het 'n appel te doen met nakend wees? En, waar pas die saad van die slang in dit alles in?

Die Bybel sê die slang was die "listigste" van al die diere. Hy was soveel soos 'n mens, dat hy kon loop, praat en selfs 'n intelligente gesprek kon voer. Nadat hy Adam se vrou bedrieg het, het God hom vervloek om 'n slang te wees, maar nie voordat die skade gedoen is en die saad geplant was nie.

Die Bybel sê in Génesis 3:15 dat die slang 'n saad gehad het, en God *vyandskap* tussen die twee sade gestel het. Ooglopend, het die slang se saad vermeng met Eva se natuurlike saad voor die skeiding. Hoe kon dit alles die gevolg

wees van die eet van 'n appel? Dan, 'n paar verse later: *"Adam het sy vrou Eva genoem omdat sy die moeder geword het van alles wat lewe."* Let op dat dit nie sê Adam was die *vader* van alles wat lewe nie.

Daar is verskillende "vrugte" in die Bybel. Natuurlik is daar letterlike vrugte, soos 'n appel, wat groei en as kos geëet word. Daar is ook die vrugte wat verwys na ons werke, of dit natuurlike werke soos boer en besigheid is, of geestelike werke soos om wonderwerke te doen en die Evangelie te preek. Dan is daar vrugte van die skoot, wat verwys na bevrugting en kindergeboorte.

Sou die eet van 'n letterlike vrug vir Adam en Eva die begrip gee dat hulle nakend was? Of, sou dit 'n fisiese verhouding tussen 'n man en 'n vrou neem om vir hulle te laat begryp waarom hulle sekere dele van hulle liggaam moes bedek?

Wat het regtig daardie dag in die Tuin gebeur wat die hele mensdom laat val het?

> *Soos die Saad van die vrou letterlik God was wat Homself in menslike vlees voortgeplant het, so is die saad van die slang die letterlike manier wat Satan gevind het waardeur hy in staat was om die deur vir homself oop te maak in die menslike ras in. Dit was onmoontlik vir Satan (want hy is net 'n GESKAPE gees–wese) om homself voort te plant op die manier wat God Homself voortgeplant het, so die Génesis verhaal vertel vir ons hoe hy sy saad voortgebring het en homself ingebring of ingespuit het in die menslike ras. Onthou ook dat Satan die "slang" genoem word. Dit is sy saad of inspuiting in die menslike ras waarvan ons praat.*
>
> *Voordat Adam ooit geslagsgemeenskap met Eva gehad het, het die slang daardie gemeenskap voor hom gehad. En daardie een wat daaruit gebore is, was Kain. Kain was uit (gebore uit, verwek uit) die "Bose," I Johannes 3:12.*
>
> *…Die waarheid daarvan is dat Eva TWEE seuns (tweeling) in haar skoot gehad het uit AFSONDERLIKE bevrugtings. Sy het 'n tweeling gedra, met Kain se bevrugting 'n tyd voor dié van Abel.*

Verwysings

Génesis 3:6-7
Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.
*Toe gaan altwee se oë oop, **en hulle word gewaar dat hulle naak is;** en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.*
[Hoe sou hulle weet hulle was nakend deur 'n stukkie van 'n vrug te eet?]

Génesis 3:13-15
*Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: **Die slang het my bedrieg**, en ek het geëet.*
Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.
*En Ek sal **vyandskap stel tussen jou en die vrou**, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel en jý sal hom in die hakskeen byt.*
[Die slang het 'n saad gehad. Duidelik verwys dit nie na 'n gewone slang nie.]

Génesis 3:20
*En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy **moeder geword het van alles wat lewe.***
[Waarom was Adam nie die vader van alles wat lewe genoem nie?]

Génesis 4:1-2
*En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: **Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE.***
Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. En Abel het 'n skaapherder geword, en Kain 'n landbouer.
[Alle lewe kom van God, of dit egtelik of buite–egtelik verwek is. Satan kan nie lewe skep nie.]

Lukas 3:38
*Die seun van Enos, die seun van **Set, die seun van Adam,** die seun van God.*
[Waar is die eersgeborene Kain in Adam se geslag?]

I Johannes 3:12
*Nie soos **Kain, wat uit die bose was**, en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.*
[God het Adam na Sy eie beeld geskape. Waar het die boosheid van Kain vandaan gekom en waar het die regverdigheid van Abel vandaan gekom? Hulle eienskappe was oorgeërf van hulle vaders.]

Judas 1:14
*En Henog, **die sewende van Adam af,** het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle,*
[Nêrens in die Bybel is Kain in die nageslag van Adam nie.]

Die Vreeslike Dag Van Die Here

Maleági 4:1

Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond...

Maleági 4:5-6

Kyk, ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.

En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Die laaste boek van die Ou Testament beloof die vernietiging van die wêreld. Maar voor die einde, word voorspel dat Elía die profeet sal terugkeer en die Messias sal bekendstel. Party sê dat Johannes die Doper hierdie profesie vervul het.

Tweeduisend jaar gelede, het die Jode verwag dat die Messias sou kom. Hulle het geweet dat Maleági voorspel het dat 'n man met die gees van Elía die Messias aan hulle sou bekendstel. Maar toe Johannes die Doper gekom het, was hy nie wat hulle verwag het Elía sou wees nie. Toe hulle Jesus gevra het oor hoekom Elía nie eers gekom het nie, het Hy hulle duidelik gesê dat Johannes die vervulling van die profesie was: *"En as julle dit wil aanneem, hy is Elía wat sou kom."*

Dit was net 'n klein groepie mense wat hierdie openbaring ontvang het. Vir die meeste van die godsdienstige leiers, was Johannes niks meer as 'n oorywerige kritikus van hulle organisasies nie. Nie net het hulle nie die gees van Elía herken nie, maar erger nog, het hulle ook die Koms van Christus misgeloop.

So het Johannes die Doper Maleági se profesie vervul? Nie heeltemal nie.

Eerstens, het die wêreld nog nie "gebrand soos 'n oond nie," so ons weet dat ten minste 'n deel van Maleági 4 nog moet plaasvind. Nog 'n deel van die Skrif wat nie vervul was deur Johannes nie, was: "die hart van die kinders tot hulle vaders." En, Jesus, Self, het geprofeteer dat Elía sou kom (toekomstig) en alle dinge herstel. (Matt 17:11)

Daarom moet ons soek na Elía voor die Tweede Koms van Christus!

Nou, in hierdie moderne dag, is dit tyd vir die Tweede Koms van die Here Jesus. Weer, word ons beloof dat die gees van Elía Hom sal bekendstel aan ons volgens Maleági 4. Maar watter groep mense sal Elía herken wanneer hy kom? Net hulle wat na hom soek.

Ons word herinner aan hierdie Woorde van ons Here en Verlosser wanneer ons aan Maleági se profesie vir hierdie laaste ure van tyd dink:

Maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie herken nie...

Matthéüs 17:12

Wat as ons die koms van Elía misloop? Sal ons dan die Tweede Koms van Christus misloop, soos die skrifgeleerdes en Fariseërs Sy Eerste Koms misgeloop het omdat hulle nie Johannes die Doper herken het nie?

Verwysings

II Konings 2:15
En die profete–seuns wat in Jérigo was, het dit op 'n afstand gesien en gesê: ***Die gees van Elía rus op Elisa!*** *En hulle het hom tegemoetgekom en voor hom na die aarde gebruig.*

Jesaja 40:3-4
'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!
Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word. [Johannes die Doper.]

Maleági 3:1
Kyk, Ek stuur my boodskapper [Johannes die Doper], ***wat die weg voor My uit sal baan****; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare.*

Maleági 4:1-6
Want kyk, ***die dag kom, en dit brand soos 'n oond*** [het nog nie gebeur nie]*; dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*
Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder Sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.
En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voete op die dag wat ek skep, sê die Here van die leërskare.
Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge.
Kyk, ***ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek.***
En hy sal ***die hart van die vaders terugbring tot die kinders*** [Johannes die Doper], ***en die hart van die kinders tot hulle vaders*** [moderne Elía], *sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.*

Matthéüs 11:10
Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor u uit sal regmaak. [Maleági 3:1, Johannes die Doper]

Matthéüs 11:14
En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom. [Johannes die Doper]

Matthéüs 17:11-12
En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel [Moderne Elía]*; maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie herken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly.* [Johannes die Doper]

Lukas 1:17
En hy sal voor Hom uitgaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vader terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei. [Johannes die Doper]

Die Woord

Hebreërs 4:12

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Met soveel doktrines, denominasies, en sektes in hierdie moderne wêreld, waar pas die ware gelowige in? As Petrus, Jakobus, en Johannes hier op die aarde was vandag, by watter denominasie sou hulle aansluit? Sou wonderwerke steeds hulle bediening volg of sou hulle bely dat daardie dae lank reeds verby is? Sou hulle toegee oor die doop? Sou hulle hulle kerkdoktrines volg al is dit 'n bietjie van die Woord verwyderd? Sou hulle die Bybel glo, of sou hulle die Fariseërs en Sadduseërs van vandag glo?

Vra jouself die vraag: As Jesus vandag hier was, sou jy alles verlaat om Hom te volg? Sou jy Sy Woord glo?

Hy het vir jou dieselfde geleentheid gegee wat Hy Sy dissipels gegee het. Hy het hierdie traktaatjie in jou hand gesit om jou terug te wys na Sy Woord, Sy Bybel. Gaan jy toegee?

Mans en vroue, vriende, besef julle dat die God van die Hemel wat Jesus Christus opgewek het uit die dood, Hy is nie dood nie maar Hy lewe. En as Hy Sy Woord gehou het teenoor Dawid, as Hy dit gehou het teenoor Elia, as Hy Sy Woord gehou het teenoor Moses, as Hy dit teenoor die Hebreeuse kinders gehou het, as Hy dit teenoor—teenoor Daniël gehou het, sal Hy dit hou teenoor jou en my.

Wil jy graag meer weet?

www.dieboodskap.org

of

Voice Of God Recordings
South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140
Western Cape Republic Of South Africa

Die Verborgenheid Van God

OPENBARING 10:7

www.dieboodskap.org

VOICE OF GOD RECORDINGS
SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140
WESTERN CAPE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS